

16 Januarie

Efesiërs 2:11-22

Vernuwing - om deel te wees van 'n nuwe mensheid!

In die ou bedeling het ons, wat nie-Jode was, in die grootste ellende verkeer. Van geboorte af was ons as gevolg van die sondeval heeltemal verlore en het ons soos bywoners in hierdie wêreld gelewe. Omdat ons nie Jode (Israeliete) was nie, was ons buite die genadeverbond van God met Abraham. Ons was dus sonder Jesus Christus, sonder God en sonder hoop in die wêreld. Ons moet dit in gedagte hou, sê Paulus.

Maar nou is daar nog iets waarvan hy ons vertel. Met Jesus Christus se koms na hierdie wêreld het alles vir ons verander. Ons is in God se groot genade aan Jesus Christus verbind en het deelgekry aan die verlossing wat Hy kom bewerk het. So het ons wat vroeër vêr was, nou naby gekom. Ons het as nie-Jode ook nou deel gekry aan God se genadeverbond met Abraham en het nou werklik vrye toegang tot God, want Hy is nou ons Hemelse Vader. Nou is ons saam met Jode medeburgers van 'n nuwe Koninkryk en vorm ons saam die nuwe huisgesin van God. Ons vorm verder ook saam 'n nuwe gebou wat as 'n tempel vir God, in hierdie wêreld, deur die Heilige Gees opgebou word. Daarom kan ons elke Sondag bely dat ons glo "...in 'n heilige algemene Christelike kerk..."

Wat 'n voorreg! 'n Totale vernuwing. Verlorenes wat kinders geword het en nou deel is van God se wêreldwye kerk.

Sing Psalm 105:1 en 2

Ds. I.W. Ferreira (Wonderboompoort)